Tweede uitgawe
2019

Koeda

Pretoria Bonsai Kai

The word Koeda is Japanese and means: 'Graceful branch'. It is pronounced Ko-eda.

Pretoria Bonsai Kai bestuur:

- Voorsitter – Org Exley
  082 809 2037
- Ondervoorsitter – Francois van As
  074 6011847
- Tesourier - Daan du Toit
  012 567 2520
- Sekretaresse – Mariaan Erwee
  083 377 7893
- Skakelbeampte–Christa Vermaak
  083 388 4736
- Addisionele lede :
  Duvan Horn
  Martin Kruger
  Johan Els
  Jaco Kriek

Enige idees, artikels of terugvoering rakende die nuusbrief kan gegee word aan Jaco Kriek by:

Jaco.kriek@aurecongroup.com

In hierdie uitgawe

Van die Redakteur	1
ABC 5	2
Voorsittersverslag	3
Vergadering van 2 Maart	4
Terugvoering	13
Before chainsaws	14
Vergadering van 6 April	15
Bonsai Kalender	22
Snippets	24

From the editor

Bonsai friends

I really like horses (although I don't ride them). To me they are creatures of beauty. They are mostly kind and gentle animals. Their beautiful big eyes can be warm and loving. They are graceful when they gallop. They always look to me like they are proud animals.

I read that there are people with a fear of horses. It is called equinophobia, which is derived from the Greek word Phóbos, meaning "fear" and the Latin word equus, meaning "horse". Sufferers of this fear experience undue anxiety even when a horse is known to be gentle and well trained.

Is it not strange that some people can love horses and some have a fear of them?

What does this have to do with bonsai? At the BRAT meeting which we hosted there was the usual exhibition and voting for the winning trees. (By the way, except for a couple of problems like the sound system we hosted an excellent BRAT day, and many people congratulated us on it).

I find that I (normally) don't vote for the winning trees. Am I uninformed with less knowledge than the average bonsai grower, or do I just like other styles, forms etc etc in bonsai? I am not worried about my difference in taste as I believe that we must be different in what we like (or fear). Being different brings variety in life. If we all liked the same trees, we would have hundreds of trees all looking the same. How boring would that be?

Jaco

"Beauty is in the eye of the beholder"

ABC5

Go to: https://www.abc5.co.za for information and to register.



Remember if you register before 1 July you get early bird discount!!

Voorsittersverslag van algemene jaarvergadering

Ons het weer ’n goeie jaar gehad en ek wil vir julle almal dankie sê daarvoor. Die Kai staan sterk. Ons het ’n paar lede verloor toe Suikerbos en Addicts op hul eie gegaan het. Die ledetal het geval tot 65. Ons is weer terug waar ons was en het tans 78 betaalde lede. Daan sê vir my dat daar lede is wat weg was vir ’n ruk en weer terug is. Dit is goeie nuus.

Verder dink ek doen ons baie goed met die opleiding en bevordering van Bonsai in die Kai. Francois bied ’n beginnerskursus aan ’n paar keer ’n jaar wat altyd vol bespreek is. 26 Mense het dit bygewoon. Die werkswinkel wat ons voor die vergadering vervroeg het na 12:00 het baie gewild geword en daar word aan baie bome gewerk. Dan word daar ook die 2 werkswinkels op verskillende Saterdae aangebied by my en Pieter se huise en dit word goed ondersteun. Die bome word bespreek voordat aan hulle ge werk word. So word inligting deurgegee sodat eienaars ook verstaan hoekom sekere dinge gedoen word.

Dan ook is die “tip of the month “, demonstrasies en praaitjies wat aangebied word van hoogstaande gehalte en baie inligting word so deurgegee aan lede. Hiervoor sê ek baie dankie. Dit is baie moeite wat die lede doen wanneer hulle dit voorberei en aanbied.

Dan die volgende dinge wat van groot hulp is, is die Whatsapp-groep. As julle nog nie deel is nie dan moet julle aansluit. Daar word soveel inligting deurgegee. As daar ’n probleem is, word dit vinnig opgelos. Dit is ’n baie lewendige groep. Dan is daar die webtuiste. Ons kry baie goeie terugvoer van mense daaroor. Dit word baie hoog aangeslaan. Ons bestel ook die “Bonsai Focus” wat lede kan koop. Dit is baie interessante leesstof.

Dan moet ons ook nie vergeet wat Jaco met die Koeda doen nie. Ek sien dat al hoe meer klubs dit probeer nadoen. Baie dankie Jaco vir die moeite wat jy daarmee doen. Dit vat baie van jou tyd.

Die Kai bied ook gereeld BRAT dae aan met groot sukses. Weereens spring almal in om te help. Dit word waardeer. Dan is die Kai ook by ABC5 betrokke wat by Safari in Oktober aangebied word.

Dan wil ek vir Francois en Duvan baie dankie sê vir die werk wat hulle met die winkel doen. Daar is altyd voorraad en as iemand iets soek sal hulle kyk of hulle dit kan kry. Ek wil ook vir Jaco en Tharina baie dankie sê vir die moeite wat hulle met die kalender gedoen het; dit is pragtig.

Dan het ons weer ’n lid gehad wat deurgedring het na die finale van die “New Talent” kompetisie in Bloemfontein. Hier wil ek vir Kobus baie geluk sê met wat hy bereik het. Hy het die Kai se naam hoog gehou.

Ons het weereens ’n baie suksesvolle skou aangebied. Ek wil almal bedank wat daaraan deelgeneem het. Die bome was uitstekend - hulle verbeter met elke skou wat ons aanbied. Elke jaar is daar ook lede wat vir die eerste keer uitstal wat baie goed is.

Ons finansies staan sterk. Hier wil ek vir Daan bedank vir die goeie en harde werk wat hy doen.

Tharina, baie dankie vir die werk wat jy met die biblioteek doen, Christa met die raffles, Esther wat die verjaarsdae elke maand vir my deurgee, dit word waardeer.

Dan wil ek vir die komitee dankie sê vir hulle werk en vir die mense wat altyd bereid is om die saal reg te pak, voor en na die tyd. Met ander woorde, ek wil almal bedank vir wat julle in die Kai doen, sonder julle sal ons nie so ’n lewendige Kai hê nie.
Dankie!

Vergadering van 2 Maart 2019

As deel van die Algemene Jaarvergadering het ons tesourier, Daan du Toit, verslag gedoen van die Kai se finansies. Al die inligting word nie hier gewys nie maar enige iemand is welkom om na Daan se state te gaan kyk. In kort staan die Kai se finansies sterk en het Daan aanbeveel dat ledegelde vir die komende jaar nie verhoog hoef te word nie. Kan jy glo!?

Baie dankie aan Daan vir sy harde en deeglike werk met ons Kai se finansies.

Vergadering van 2 Maart 2019

'Tip of the month' - Deur Kobus Erwee

Kobus het ons vertel hoe hy sy eie vloeibare voeding maak.

Eerstens het jy 'n geskikte houer/drom nodig. Kobus gebruik die een waarby hy op die foto staan. Jy sit natuurlik eers gewone water (indien jy reënwater het is dit beter) in die houer. Dan meng Kobus 50/50 erdwurm kompos met gewone kompos (jy moet maar self eksperimenteer met die mengsel). Jy het nie nodig om erdwurm kompos by te gooi nie, jy kan sommer 100 % gewone kompos gebruik. Vir plante soos Azaleas wat van suur grond hou sal hy die gewone kompos wat hy by die erdwurm kompos meng, vervang met suur kompos. Hy meng ook bietjie Beesbloed (Bloedmeel) wat hy by ons winkeltjie koop, daarby. Hierdie mengsel sit Kobus dan in 'n ou kussingsloop wat hy in die water hang vir so paar uur. Die kussingsloop help dat die komposstukkies nie jou gieter se bek verstop nie. Kobus noem dat, hoe langer jy die mengsel laat week, hoe sterker word jou voeding natuurlik. Hy glo egter daaraan om liewer versigtig te wees en meer gereeld flouer mengsels te gee. Hy voed somtyds weekliks of twee weekliks.

Kobus sê ook dat so twee uur voor hy sy bome wil voed, pomp hy met 'n visdampomp lug in die water. Dit gee 'n hoë suurstofinhoud wat die bome baie help. Jy hoef ook nie elke keer die kompos te vervang nie. Onthou net dat hoe meer water jy bygooi, hoe flouer sal die vloeibare voeiding word, so dit mag dalk nodig wees om die water vir 'n langer tyd te laat staan.

Die gebruikte komposmengsel gooi hy later in die tuin.

Bonsai 'NUT'!

Elke jaar by die algemene jaarvergadering word daar 'n Bonsai 'Nut' vir die jaar wat verloop het, aangewys. Die 'trofee' gaan gewoonlik aan die persoon wat die meeste entoesiasme in die Kai en in bonsai in die algemeen gewys het. Hierdie jaar het die komitee besluit om die 'trofee' aan Daan du Toit te gee.

Daan is die persoon wat nou al vir 20 jaar na ons Kai se geldsake omsien en die feit dat hy jaar na jaar herkies word as die Kai se tesourier wys wat se uitstekende werk hy doen.

Daan het net soveel ondervinding met bonsai as met boekhou en hy gee dan ook baie raad oor bome en hul versorging by vergaderings.

Baie geluk Daan en baie dankie vir jou harde werk as tesourier en jou algemene bydrae in die Kai! ♣

Vergadering van 2 Maart 2019—mini uitstalling

Bo: Louis het hierdie Apiesdoring so 8 jaar gelede by 'n kwekery gekoop. Die boom was meer as 'n meter hoog en so besemstok dik. Louis vra toe die man by die kwekery vir 'n snoeiskêr en hy sny die hele boonste deel van die boom af. Die man vra hoekom koop hy 'n boom en gee dan 90% terug?

Bo: Op die Whatsapp-groep is 'n foto geplaas en iemand het gevra oor die soort boom. Koos het gedink dit is 'n Wit Melkhout en het sy Wit Melkhout gebring om te wys. Koos het die boompie in 2008 as 'n geskenk gekry.

Regs: Koos het hierdie Kei Appel sedert 2005.

Links: Erika sê dat voëltjies die boom sowat 15 jaar gelede in haar tuin geplant het. Sy het die boom laat sterk groei en toe sy hom uitgrawe, het sy die stam afgesny en begin styl.

Vergadering van 2 Maart 2019—mini uitstalling

Links: Hierdie "raft" Apiesdoring het Louis so 3 jaar gelede begin. Een van die middelste bome is 'n aparte boom wat Louis regdeur die stam van die groot boom geplant het deur 'n gat in die stam te boor.

Regs: Louis het hierdie Burt davyii as 'n steggie gekry en in die gat van die rots geplant.
Hy noem die klip 'Oubank klip". Die boompie is nou so 'n jaar in die klip.

Regs: Org het hierdie "Chinese Elm" nou so 30 jaar. Org sê dat van die boom se takke elke jaar terug vrek. Hy gaan hom in die lente na 'n groter bak met nuwe groeimedium plant.

Links: Rohann sê hierdie Witstinkhout "raft" se oorsprong was die wortelbasis van 'n groter boom wat hy afgesny het. Die boom is so jaar en 'n half in die bonsai bak.

Vergadering van 2 Maart 2019

Die tema van die vergadering was “Raft style Bonsai” en is aangebied deur Rohann Strydom. Rohann het die onderste aanbieding (matig gewysig vir die Koeda) gedeel en toe aan ’n paar bome gewerk:

Raft Style Bonsai

The underrated, understated, and underestimated

Vergadering van 2 Maart 2019

Style Explained

Raft style bonsai mimics a natural occurrence when a tree topples onto its side due to heavy winds, a flood, or soil eroding beneath the tree. Branches along the top side of the trunk continue to grow as a group of new trees. Sometimes, roots will develop from buried portions of the trunk. Raft style bonsai can have sinuous or straight-line trunks, all giving the illusion that they are a group of separate trees creating a unified apex.

Tree species commonly used for raft styles bonsai:

•Juniper (Juniperus sp.)
•Quince (Cydonia sp.)
•Hackberry (Celtis sp.)
•Ficus (Ficus sp.)
•Olive (Olea sp.)
•Elm (Ulmus sp.)
•Jasmin (Murraya paniculate)
•Japanese Zelkova (Zelcova serrata)
•Brush Cherry (Eugenia myrtifolia)
•Beech (Fagus sp.)
•Crab Apple (Malus sp.)
•Pomegranate (Punica granatum)

Vergadering van 2 Maart 2019

Objective & method

"The raft method … is formed by laying a tree on its side and encouraging it to root along the recumbent trunk."



Top branches wired to compliment a raft composition.

Bark windows are created by removing the lower branches, and damaging the cambium where roots are required for future development.



FIGURE C

You can use a box while roots are developed along the trunk, and if you can't afford a suitable pot, you can always leave it there.



Vergadering van 2 Maart 2019

Where it all started

Sinuous root Japanese white pine after restyling by Isaburo Nishiyama. According to an article that appears in Bonsai Today issue 44, this is the first raft-style (sinuous root style) bonsai. It came to light in 1937 at a famous Japanese auction where it was distinguished from the older clump style bonsai. Most original sinuous root bonsai are Japanese white pines. That's a bamboo stick supporting the guy wires.

Examples (from the internet)

Vergadering van 2 Maart 2019

Advantage of the Raft style

It is not seen often. We have the ability to use a large main trunk and create multiple trees off of that line. This is great because it shows great age as if the tree was blown over a long time ago, re-rooted itself and kept on thriving; Each branch becoming its own tree and crea ting its own apex. It is really intriguing to see a raft style bonsai and it is a real advantage to present when created correctly. The trees will balance off each other like in a forest planting, but in this style we have the ability to display it as one tree instead of multiples as in a forest

Disadvantage of Raft style

Finding a suitable tree is difficult. The Yamadori raft style is very rare and prized. Creating a raft style bonsai takes years and patience, but it can be done. It is easier to create this style with deciduous material because of its ability to sprout roots from exposed cambium very easily. Coniferous material will take much more time and patience, plus you will have to ex- pose lots of roots if you are planning on using nursery material to turn the tree on its side. But if it's done properly it can be a show stopper.

Bibliography

- Bonsailearningcenter.com; Raft Style – Ground Layering Techniques; Feb 25, 2016
- Ofbonsai.org; Bonsai Styles: Raft – Ikadabuki; by Stefan Rausch; May 28, 2013
- Bonsaibark.com; Bonsai Rafting – Sinuous & Straight; Sep 13, 2017
- Pinterest
- Facebook

Thank you

Terugvoering oor demonstrasie / werkswinkelbome

Die tema van die vergadering van 5 September 2015 was die styl 'Wortel oor klip' en is deur Francois van As en Duvan Horn aangebeid. Na die formele praatjie het Francois en Duvan 'n Natal vytjie op 'n rots geplant om die tegniek te demonstreer. Die praatjie sowel as die onderste twee foto's is in die vyfde uitgawe van die Koeda 2015 geplaas.

By die BRAT-vergadering van 30 Maart 2019, dus net meer as drie en 'n half jaar later, het Duvan weer die styl bespreek en die boom wat op 5 September 2015 gebruik is, gewys sodat almal kon sien hoe die boom nou daar uitsien. Onder is die boom van twee moontlike 'voorkante' sowel as die wortelontwikkeling.

Before chainsaws

Before chainsaws were invented, the logging industry in the United States & Canada was a seriously challenging occupation and we are only talking about 125 years ago. In the Pacific Northwest there were forests full of monster trees and cutting them down was done by hand.

Look at the length of the two-man hand saw and heavy-duty axes that they used to drop these tremendous trees. It is almost inconceivable to think of cutting down a tree this size with a hand saw. The work required very strong men (and horses) working long days for minimal pay. Could you imagine doing this to earn a living? After a tree was finally felled, it took a week or more to cut it up into sections that could be managed (somehow) and transported by train to a lumber yard. Manoeuvring the logs down the mountain to the train was a complex job. It is possible that many men lost their lives doing this dangerous work. One slip and a hunk of wood as big as a hotel is rolling your way! The other question that begs an answer is how did they get those logs up onto the flatbeds of that train?

Hollowed out logs became the company's mobile office. Can you imagine stacking such logs to build a log home? Two courses would produce a 30' ceiling. Maybe that's why it was easier to hollow out a tree. A long time before anyone ever thought of a mobile home or RV, hollowed out logs were also used to house and feed the logging crews. We are accustomed to our modern conveniences like electricity and gasoline-powered chainsaws, and it is always such a mind-boggling experience to see how such monumental tasks were performed before these conveniences appeared on the scene.

Remember that the picture below shows a hollowed-out log made into a travel trailer.

Although probably required at the time, it is a pity that those magnificent trees had to be cut down. ♣

Vergadering van 6 April 2019

ROBINSON & KRUGER

PROKUREURS / ATTORNEYS

SINCE 1995

BOEDELBEREDDERAARS / ADMINISTRATORS OF ESTATES
TRANSPORTBESORGERS / CONVEYANCERS / NOTARISSE / NOTARIES

- IS JY IN DIE PROSES OM 'N HUIS TE KOOP OF TE VERKOOP?
- TROU JY OF WEET JY VAN IEMAND WAT GAAN TROU EN 'N HUWELIKSKONTRAK BENODIG?
- IS IEMAND NABY JOU OORLEDE?

INDIEN JY "JA" ANTWOORD OP ENIGE VAN DIE BOGENOEMDE, KONTAK ONS VIR PERSOONLIKE BYSTAND.

- ONS DOEN OOK BOEDELBEPLANNING, EGSKEIDINGS, DERDE PARTY EISE (RAF EISE) EN PERSOONLIKE BESERING EISE

KONTAK MARTIN KRUGER
012 332 1770
CODONIA LAAN 829, WAVERLEY
law@robinsonkruger.co.za

REKLAME

Vergadering van 6 April 2019: mini-uitstalling

Daar was so ’n goeie bespreking oor die ongestyleerde bome dat daar nie tyd was vir die bespreking van die uitstalbome nie. Sommige van die bome word dus net gewys.

Vergadering van 6 April 2019

'Tip of the month' - Deur Tharina du Preez

Plaag- en siektevoorkoming en beheer: 'n meer natuurlike strategie.

Ons as mense hou siektes weg deur ons immuniteit sterk te hou en slegs medisyne te drink soos ons dit nodig kry (ons kry bv nie chemoterapie vir 'n muskietbyt of drink antibiotika voorkomend sodat ons nie verkoue kry nie). Net so moet ons ook plaag- en siektebeheer by plante gepas hanteer.
Probeer om altyd hierdie strategie te gebruik in volgorde van prioriteit:

Maak seker dat jy na sterk chemikalië ook weer die plant en mikro-organismes gesond kry!

Hou plante gesond deur seker te maak dat dit als kry wat dit nodig het!

'n Gesonde plant kan homself beskerm en in 'n gesonde ekosisteem is daar ook voordelige insekte wat peste en siektes natuurlik beveg.

Voorkom (soos bv om potte skoon te hou).

Wees oplettend! Baie peste kan maklik uitgeroei word as daar min is. Verwyder insekte soos nodig. Gebruik water of lug om peste af te spuit (bv hoë druk sproeier)

Gebruik afweermiddels om peste weg te hou: Seep (Sunlight), Brandrissies, Knoffel, Brandspiritus, Sitroensuur (bv suurlemoen), Metgeselplante soos laventel, Afrikaners en pepperment.

Kies organiese plaag & swamdoders! (eko-vriendelik en bio-afbreekbaar soos Neem-olie). Teiken die spesifieke probleem bv Bacillus thuringiensis teen ruspes.

Gif moet net vir uitsonderlike probleme gebruik word en baie goed beheer word.
Onthou dat gif en skadelike chemikalieë (soos 'n oormaat kunsmis) die mikro-organismes en voordelige insekte doodmaak en so die ekosisteem uit balans gooi. Dit sypel ook deur na ons watertafels en omdat dit baie jare vat om af te breek, vergiftig dit ons. (Gifstowwe soos Glyphosate in Roundup veroorsaak bv outo-immuniteitsiektes)

Vergadering van 6 April 2019

Die eerste verdediging is om plante GESOND te hou:

Plante word gesond gehou deur als te verskaf wat die plant nodig het. Ons is almal bewus van die normale goed soos water, sonlig en lug wat plante nodig het. Die voedingstowwe soos stikstof, fosfor en kalium (NPK) is ook algemeen bekend. Wat mens egter baie maal oorsien is die spoorelemente wat nodig is vir die plant om suksesvol deur die fases van ontwikkeling te gaan.

BASIESE BEHOEFTES VAN PLANTE

WATER + LUG (CO2) + VOEDINGSTOWWE (KUNSMIS) + SON ENERGIE



TRELMIX SPOORELEMENT OPLOSSING

Kan saam met die gewone NPK kunsmis program gebruik word maar tussendeur, meer gereeld in verdunde oplossing as blaarvoeding. Onthou om dit te verdun volgens die instruksies en om dit vroeg in die oggend of laatmiddag te sprei wanneer dit koeler is.

FASES VAN ONTWIKKELING IN PLANTE

Oulike artikels en videos:

https://www.fix.com/blog/common-garden-pests-and-how-to-get-rid-of-them/
http://landresources.montana.edu/soilfertility/nutrientdeficiencies.html
https://www.bonsaiempire.com/basics/bonsai-care/advanced/pests-diseases
https://www.youtube.com/watch?v=yxVbI9Qa3Gg
https://www.youtube.com/watch?v=Tk8eP9--O0Y
https://www.youtube.com/watch?v=VvOzZ87mgAk
https://www.youtube.com/watch?v=4irsaFkg-do

Vergadering van 6 April 2019

Spoorelemente help die plant om vinnig sterk genoeg te word sodat dit self peste en siektes kan beveg.
Dis bv eers as die plant lipiede produseer (in die derde fase) wat waslagies ontwikkel om siektes en insekte uit te hou. En in die vierde fase waar plant metaboliete gemaak word (bv natuurlike insekafweermiddels en insekdoders) wat soos die plant se immuniteitstelsel is om peste te beveg/voorkom.
In fase 1 kan wanbalanse in voedingstowwe , soos bv baie stikstof, suigende insekte soos plantluise lok en hulle suig die sap uit die blare. In fase 2 is die plant nog kwesbaar teen swamme soos poeieragtige skimmel (milldew).
In fase 3-4 bou die plant "immuniteit" op teen siektes/insekte. Plante skei chemiese stowwe af wat natuurlike insekafweermiddels of insekdoders is. 'n Goeie voorbeeld hiervan is plante wat giftig is soos strignien, of verdoof soos morfien of net sleg proe of sterk ruik soos sitronella.
Die tweede, derde en vierde vlak van verdediging is om proaktief op te tree. Hier is 'n paar oulike artikels daaroor:

- 7 maniere om plante natuurlik te beskerm.
- Ken jou vriendelike vyand
- Natuurlike insekdoders
- Behandel Bonsai peste en plae

Die korrekte voedingstowwe op die regte tyd help die plant om reg te ontwikkel tot 'n gesonde en sterk plant.

'n Maklike resep vir tuisgemaakte insekafweerder:

BRANDRISSIE SPREI insekafweermiddel:
- 2 liter kookwater
- 'n Handvol brandrissies
- 5 druppels skottelgoedseep

Koel af, gooi in 'n spuitbottel en sprei plante om insekte weg te hou.

Gifstowwe en chemikalië (onthou kunsmis is ook chemikalieë) moet nie onnodig gebruik word om probleme op te los wat op meer natuurlike maniere hanteer kan word nie. Om plante gesond te hou in die eerste plek (en hulle natuurlike beskermingsmeganismes dus in plek te kry) of om 'n paar insekte met die hand te verwyder, is baie maal die maklikste en ook die beste opsie. Selfs kunsmis of water wat in verkeerde hoeveelhede toegedien word kan veroorsaak dat 'n plant swak word of vrek.

Elke plaag en siekte het 'n toepaslike oplossing. Ons is te geneig om gif voor die voet te spuit sonder om seker te maak dit teiken die spesifiek probleem. Daarmee saam is plante (selfs bonsais) deel van 'n ekosisteem en as ons gif misbruik maak ons baie maal ander goed ook dood wat deel is van 'n gesonde sisteem (bv die mikro-organismes wat help om voedingstowwe in die grond af te breek sodat plante die regte voedingstowwe kan opneem om gesonder en mooier te word). Op die ou end raak ons misbruik juis die rede hoekom ons plante swak is en aangeval word deur peste (onthou ook dat insekte en swamme almal 'n doel het in die natuur). Gebruik eerder biovriendelike produkte soos neem-olie.

Vergadering van 6 April 2019

Die vergadering het die bespreking van ongestyleerde bome, wat deur lede gevat is, behels. Onder is foto's van sommige van die bome wat bespreek is. Ons sal graag in die toekoms wil sien wat die eienaars verder met die bome gedoen het.

Vergadering van 6 April 2019

Bonsai Kalender – Deur Dr Francois van As

Wat doen ons in Mei?

Dit is laat herfs en die boompies maak gereed om in 'n dormante stadium te gaan. Verminder watertoediening maar let daarop dat die boompies nie uitdroog nie. Te veel water kan wortelvrot en/of swamsiektes tot gevolg hê. Bemesting is nie nodig nie. Verwyder alle vrugte, bessies en blare wat nog aan bladwisselende bome sit aangesien dit die boom gedurende die wintermaande verswak. Indien jy nog vars saad het wat jy wil plant kan dit nog vroeg Mei gedoen word. Dit is ook die laaste geleentheid om 'n boom of twee te verplant (sonder wortelsnoei) voordat die winter begin. Aangesien moontlike ryptoestande op pad is, is dit nou die tyd om koue-sensitiewe bome te beskerm.

Wat doen ons in Junie?

Alle boompies behoort nou dormant te wees. In koue toestande moet watertoediening verkieslik nie laatmiddag of in die aand gedoen word nie. Watertoediening in die oggend laat genoeg tyd gedurende die dag om te dreineer. Gedurende baie koue nagte kan oortollige water veroorsaak dat die wortels vrot. Indien jy verveeld begin raak kan jy gerus jou gereedskapkas nader trek en jou gereedskap begin skoonmaak.

Hoe lyk Pretoria se klimaat hierdie tyd van die jaar?

Pretoria het 'n gematigde savanne (grasvlakte) klimaat met warm, nat somers en droë winters. Van Mei tot September reën dit selde en wanneer wel, is dit maar min.

Maand	Gemiddelde maksimum temperatuur (°C)	Gemiddelde minimum temperatuur (°C)	Gemiddelde ure sonskyn per dag	Gemiddelde aantal dae neerslag per maand	Gemiddelde mm neerslag per maand
Mei	22	8	9	3	6-30mm
Junie	19	5	9	1	6-30mm

Bron: http://www.whatstheweatherlike.org/southafrica/pretoria.htm

Francois

Sorgskedule **Seisoen:** **Season:**		Mid-somer Mid-summer	Laat somer Late sum-mer	Vroeg herfs Early autumn	Mid-herfs Mid-autumn	Laat herfs Late autumn
Maand: **Month:**		**Jan**	**Feb**	**Mrt** **Mar**	**Apr**	**Mei** **May**
Die boom se jaarsiklus **The tree's yearly cycle**		Kort dormante periode, konsolideer nuwe groei Short period of dormancy, consoli-date new growth		Bery voor vir dormante periode Prepare for winter dormancy		
Aksie / Action	Bonsai van saad Bonsai from seed			Vir beste resultate gebruik vars saad For best results, use fresh seed		
	Bonsai van steggies Bonsai from cuttings					
	Verplant Potting					
	Herpot met wortelsnoei Repot with root pruning				Immergroen bome Evergreen trees	
	Vormsnoei Formative pruning					
	Knyp groeipunte Pinch growth points					
	Bemesting Fertilizer					
	Insekdoders Insecticide					
	Somerbeskerming Summer protection					

Sorgskedule **Seisoen:** **Season:**		Vroeg winter Early winter	Mid-winter	Laat winter Late winter	Vroeg lente Early spring	Mid-lente Mid-spring	Laat lente Late spring	Vroeg somer Early summer
Maand: **Month:**		**Jun**	**Jul**	**Aug**	**Sep**	**Okt**	**Nov**	**Des** **Dec**
Die boom se jaarsiklus **The tree's yearly cycle**		Dormant gedurende die winter Winter dormancy			Herontwaking, nuwe groei Reawakening, new growth			Nuwe groei New growth
Aksie / Action	Bonsai van steggies Bonsai from cuttings							
	Verplant Potting							
	Herpot met wortelsnoei Repot with root pruning			Immergroen en bladwisselende bome Evergreen and deciduous trees				
	Vormsnoei Formative pruning							
	Knyp groeipunte Pinch growth points							
	Bemesting Fertilizer							
	Insekdoders Insecticide							
	Somerbeskerming Summer protection							
	Winterbeskerming Winter protection							

Snippets

Our Environment

Your fridge can use an inordinate amount of power and energy if it is not being maintained properly.

- Keep your compressor coils clean and free of ice and dirt
- Put food in small containers and cover them
- Check that the doors are closed properly
- Ensure that the rubber seals around the doors have not perished
- Keep your fridge full, as this makes it more efficient. If necessary, fill it with jugs of water.

Inspirasie uit die natuur

Kobus Erwee het die onderste foto van hierdie mooi boom in die natuur geneem. Kobus sê die volgende:

Ek het hom in die noordelike deel van die Kruger Wildtuin afgeneem. Ek weet ongelukkig nie wat se boom dit is nie. Die boom was 'n entjie van die pad af. Dit het darem maar 'n pragtige vorm! Wys jou net die kroon van 'n boom kan maar bietjie ongebalenseerd wees, moeder natuur het dit in daardie geval gedoen. Die reguit stam pas ook by die volledige prentjie.

The individual opinions expressed in this issue are not necessarily those of the Pretoria Bonsai Kai.